ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

India's National Spiritual Newspaper

AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XIV Die Jaar van ons Here Jesus Christus, 2020 APRIL, MAY, JUNE **No. 1**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 37:1-9

1. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie,
2. want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.
3. Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.
4. Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
5. Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
6. Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.
7. Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.
8. Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.
9. Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertroue in die Here stel, sal in besit bly van die land.

Die Here wat agter die skerms werk!

- Pr. David Wilkerson

Kyk, so sê die Here: Julle sal nie wind of reën sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word, sodat julle en julle slagvee en julle pakdiere kan drink (2 Konings 3:17).

Die weë van God is geheimsinnig! Hy is 'n God wat nie sy werk dupliseer nie. Die manier waarop Hy met elke individu werk, is uniek. Selfs as dit dieselfde behoefte of probleem is, is die manier waarop Hy daarmee werk, elke keer anders. Dikwels kom ons na God met 'n vaste idee. Ons verwag van Hom om op 'n spesifieke manier te werk. As Hy nie doen soos ons gevra het nie, word ons teleurgestel, mismoedig en terneergedruk!! Wat ons nie raaksien nie, is 'n God wat agter die skerms werk. Wanneer ons bid, moet ons fokus op die antwoord, nie op die wyse waarop die antwoord kom nie. Want die Bybel sê in 2 Konings 3:17 *"Kyk, so sê die Here: Julle sal nie wind of reën sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word"*. Ons hoef nie die reën te sien of die wind, of die dou, nie eens 'n vlugtige blik op die water nie – al wat ons hoef te sien, is ons valleie wat gevul word in die oggend!

Die eerste Paasfees is 'n tipiese voorbeeld van hoe God agter die skerms werk – dit was donker, somber en duister, omring met slegs teleurstelling en vrees. Mense was selfs bang om uit hulle huise te kom. Dis dissipels het agter geslote deure gesit. Hulle enigste leier wat hulle vertrou het, is gekruisig. Dit kon vervolgens enigeen se beurt wees. In hierdie tyd van 'n totale hopelose situasie het 'n paar vroue wat onbelangrik,

... verv. op bls. 3

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

" ... en so sal jy voorspoed hê" (Job 22:21).

Geliefdes in die Here,

Groete vir julle in die onvergelyklike Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

Die dae vlieg verby. Ons het al byna een kwart van hierdie jaar deurleef. Die verantwoordelikhede wat ons nog het, word meer. Ons moet op een of ander manier die onbereikte mense regoor die wêreld met die evangelie bereik.

Een groep mense het nog nie die Evangelie gehoor nie. Maar daar is 'n ander groep mense wat nie vas staan met die visie wat hulle reeds gekry het nie. Kerke het vergeet van hulle verantwoordelikhede en hou aan om met besigheidsmotiewe te funksioneer.

"Iets vreesliks en afskuweliks het in die land gebeur: die profete tree vals op, die priesters regeer met hulle eie gesag, en my volk hou daarvan! Maar wat sal julle doen as die einde kom?" (Jeremia 5:30, 31).

"Die nag kom, wanneer niemand kan werk nie" (Johannes 9:4)."As voetsoldate jou moeg hardloop, hoe sal jy teen perde kan hardloop? En as jy net in 'n vreedsame land veilig voel, hoe sal jy maak in die digte bos aan die Jordaan?" (Jeremia 12:5)."Daar is goddelose mense onder my volk: soos voëlvangers stel hulle strikke en wippe om mense mee te vang…" (Jeremia 5:26). "Almal, klein en groot, wil hulleself net verryk, almal, selfs profete en priesters, is uit op bedrog. Hulle het 'n goedkoop raat vir die wonde van my volk. Hulle sê net: "Alles is reg! Alles is reg!" Maar niks is reg nie (Jeremia 6:13,14). So sê die Here: "Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind.". Maar hulle het gesê: "Ons sal nie daardie pad loop nie." (Jeremia 6:16).

Op hierdie punt, met groot vertroue, dwing die liefde vir Christus ons om die Evangelie te verkondig (2 Korintiërs 5:14). Met die Evangelie in die hand, moet ons na die wêreld toe gaan. Ons moet met mening ons familie en bure vertel van die oordeel van God wat baie gou gaan kom en ook van die ewige koninkryk van God. Ons moet die volle Evangelie verkondig aan al die mense van die hele wêreld.

Is dit genoeg vir ons dat ons gerieflike kerkgeboue het met 'n goedgesinde gemeente. Dink ons nie aan die dreigende vernietiging van 'n groot gedeelte van die mensdom wat nie die Waarheid ken nie en na hulle einde spoed nie?

Kom uit en verklaar die mag van Jesus Christus en sy soewereiniteit aan die huidige generasie. Die Here werk met die vyand wat op 'n vreeslike manier opgestaan het. Dis nie nou 'n tyd om te rus nie en almal moet dringend optree. Kom na vore op allerlei maniere – ten alle koste -- op enige manier –

op elke manier –om ten minste sommige van vernietiging te red.

O mense van God wat die visie het om God te dien, maar wat toegesluit geraak het in kerke, administrasies en die wêreld, kom tog uit en wy julle liggam, siel en gees aan die diens van God.

Daar is 'n groot oes voor ons. Daar word mense benodig wat vorentoe kan kom in God se diens. Voor die afsluiting van jou leeftyd en voor jou kanse wegglip, kom na vore en werk vir Hom. Die dringende plig vandag is die verspreiding van die Evangelie!

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,
S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

swak en geminag was, die oggend vroeg wakker geword en hulleself gereed gemaak om hulle Here te ontmoet.

WIE SAL DIE KLIP WEGROL?

Maar hulle was almal vasgevang in hulle eie probleme en vrese oor die toekoms. Ja, die vroue was op pad om die Een te ontmoet wat die dooies opgewek het, hulle sou die Een sien wat 5000 mense gevoed het met 5 brode en 2 visse, maar hulle gedagtes was verstrengel in hulle eie bekommernisse en vrese. Dikwels kom ons na die teenwoordigheid van God, maar ons gedagtes is by ons eie probleme en stryd. Wat was dié oggend hulle probleem? "Wie sal vir ons die klip wegrol?"

Soms vergeet ons van al die wonderwerke wat God in ons lewens gedoen het. Die oomblik as ons 'n probleem die hoof moet bied, begin ons selfs om die bestaan van God te betwyfel. Wanneer God nie ons gebed beantwoord nie, sê ons ek weet God is magtig, ek weet Hy kan alle dinge doen, ek weet Hy is meer as in staat, maar op hierdie oomblik is my situasie ontsettend. Daar kan niks aan gedoen word nie. Waar is God nou? Een slag is genoeg om al die magtige konfrontasies wat ons in die verlede gehad het, omver te gooi.

Dit was 'n baie groot klip:

Die Bybel sê in Markus 16:4 die klip was baie groot. Vandag sal ons dalk sê die probleem (die klip) wat ek moet trotseer, is nie net 'n probleem nie, dit is nie net 'n grote nie, maar 'n **baie grote**. Ek het iemand nodig om my te help, ek het iemand nodig wat dit vir my kan wegrol, maar wie gaan dit doen?

Deuteronomium 8:15,16 sê: "Dit is Hy wat jou laat trek het deur hierdie groot en gevaarlike woestyn vol giftige slange en skerpioene… Hy het jou laat swaarkry om jou op die proef te stel en om agterna weer aan jou goed te doen".

God neem ons soms deur 'n groot, donker woestyn sodat ons in die later dae geseënd sal wees. Jy word dalk omring deur dodelike dinge soos skerpioene, groot slange, wat wag om jou dood te maak, om jou te sien val. Dit lyk asof jy verslind sal word as jy selfs net per ongeluk die verkeerde stap neem. Hulle wag vir jou om 'n fout te maak. Maar jy weet wat die Bybel sê, "Ek lei jou deur slange, skerpioene, deur 'n groot droë woestyn". Dit is God wat jou lei. Wees sterk en dapper. Die eindresultaat is goed!!!

Hulle het opgekyk!

Markus 16:4 sê, "maar toe hulle opkyk"!! Die probleem waarmee jy worstel, is groot en belangrik, dit versteur jou slaap, jou welstand. Dit belemmer jou daaglikse lewe en affekteer jou fisiese, verstandelike en emosionele toestand. Maar die Bybel sê toe hulle opkyk, **sien hulle dat dit klaar weggerol is**. As jy opkyk – dit beteken nie om boontoe te kyk nie, maar om verder te kyk, verder as waar hulle kon sien – toe hulle dit gedoen het, het dinge in die lewens van die vroue verander. Liewe vriende, miskien staan jy voor 'n groot klip, kyk asseblief op – kyk verder as die probleem. Jy sal sien dat die steen weggerol is. Vra God om jou die seëning te wys agter die klip wat voor jou staan. God werk agter die skerms. Miskien het God al die klip weggerol voordat hulle daardie oggend opgestaan

Bid asseblief

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

Vir besonderhede: Die Sekretaris
Theological Correspondence Course,
Echo of His Call,
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.
PHONE: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71852.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

het. Ons het 'n GOD wat werk vir dié wat op Hom wag (Jesaja 64:4). Hy maak alles mooi, dit sal jy op die regte tyd sien. Wees geduldig tot dan en kyk wat Hy vir jou in die toekoms wil gee.

Moses se staf verander om God se staf te word:

In Eksodus 4 sien ons hoe God Moses roep uit 'n brandende bos. Al wat Moses kon sien, was 'n brandende bos. Hy kon nie agter die brandende bos 'n God sien wat besig was om sy toekoms te beplan nie! God was aan die werk!! Agter die skerms!!!

Met die doel om Moses te help om sy roeping te besef, wou God vir hom wys wie Hy was. Dus vra Hy vir Moses om die eenvoudige herderstaf op die grond te gooi, en dit verander in 'n slang. Toe Moses die slang sien, **hardloop hy weg**. Hy was 'n man wat nie uitdagings in die lewe kon trotseer nie. Hy was iemand wat gou moed wou opgee. Hy was 'n man wat nie kon staan en uitdagings in die lewe trotseer nie. Hy sou enige verskoning gebruik om weg te hardloop van sy verantwoordelikhede. Dit was Moses se geaardheid. Dit was nie die eerste keer nie. Hy het weggehardloop toe hy die Egiptenaar doodgemaak het. Hy was iemand wat opgegee en gehardloop het! Hy het nie die moed gehad om sy probleme die hoof te bied of daarteen te veg nie. As mense sukkel ons om ons mislukkings, teleurstellings en vrese die hoof te bied. ONS HARDLOOP WEG SOOS MOSES!! Maar onthou ons het 'n God wat ontsagwekkend is in krag. Hy werk selfs wanneer jy dit nie sien nie!

STEEK JOU HAND UIT!!

Eks. 4:4 "Die Here sê toe vir Moses: "*Steek jou hand uit en gryp hom aan sy stert." Moses steek sy hand uit en gryp hom, en skielik word dit weer 'n kierie in sy hand".*

'n Slang sal 'n slang bly. Maar jy sal moet afbuk, nader gaan, en jou hand uitstrek en daaraan raak met jou eie hande, dan sal jy 'n wonderwerk sien. Tot dan sal die slang 'n slang wees wat jou sal vernietig, maar as jy dit met God se krag aanraak, sal dieselfde slang 'n kierie in jou hand word.

Die kierie is gebruik om die skape te versorg in die woestyn. Maar na sy ontmoeting met God word dieselfde kierie magtig en doen wonders en verander die lewens van baie mense. "Steek jou hand uit", God vra jou om jou hand uit te steek. Die ding wat jou bang maak, jou teister, sal magtig word en groot seën bring, nie net vir jou nie maar vir ander rondom jou ook. Dit was nie meer 'n herderstaf nie, dit het die staf van God geword. Dit het nou God se instrument geword.

Dink aan wat jou nou bang maak. Die ding wat lyk soos 'n groot klip wat in jou pad staan, die ding wat jy as 'n **struikelblok** beskou, sal 'n **hulpmiddel** word tot God se seëninge. Draai om en trotseer met die krag van God dit wat jou jaag. Jy sal verbaas wees oor wat die Here kan doen. **Moses se staf het die staf van God geword toe hy sy vrese vol in die gesig gekyk het.**

Liewe vriende, julle sien net die klip! Maar onthou God werk agter die skerms. Die vroue het met mekaar gepraat oor die klip ... gewonder wie hulle gaan help. Maar voor hulle nog daar aangekom het, het God 'n wonderwerk gedoen en die klip weggerol. Onthou Hy sal op sy tyd alle dinge mooi laat uitwerk. Hy sal die klip vir jou wegrol! Maar Hy sal dit op sy manier doen, op sy tyd.

So het die eerste Paasfees 'n storie van hoop geword. Paasfees is 'n tyd om te onthou:

Selfs wanneer ek dit nie sien nie,
is U aan die werk.
Selfs wanneer ek dit nie voel nie,
is U aan die werk.
U hou nooit op nie.
U hou nooit op met werk nie U
stop nooit nie.
U hou nooit op met werk nie.
'Way Maker'
- Osinachi Joseph

****

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbina Smith
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330, SOUTH AFRICA.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Junie 2020 tot 18 Julie 2020

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Junie 19: God het ons ALUMNIvergadering op die 16de Maart 2020 geseën.

Junie 20: God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

Junie 21: Ons loof God vir al die toegewyde personeel in ons bedienings.

Junie 22: Ons het goeie verslae gekry oor ons werk in die sendigvelde.

Junie 23: Loof God vir die 7 dienste in 5 tale in ons Moederkerk elke Sondag.

Junie 24: Laat ons God loof vir al ons Mederedakteurs.

Junie 25: God het ons evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na sendingvelde gestuur is.

Junie 26: Ons Here doen wonderwerke in ons Hospitaalbediening.

Junie 27: Laat ons God loof vir die ondersteuners van **Echo of His Call se Bedienings.**

Junie 28: God het ons Kinderbediening in ons Kerk geseën deur nuwe lede toe te voeg.

Junie 29: God het ons geseën met nuwe mense in ons kerke.

Junie 30: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

Julie 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call Bedieninge** in die laaste maand geseën.

Julie 02: God het nuwe werkers na ons sendingveld gebring.

Julie 03: Die Here God het ons evangeliese pers en die personeel geseën.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Julie 04: dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die **Echo of His Call Bedieninge.**

Julie 05: Bid vir nuwe studente vir die **St. Paul's Matriculation School** vir die jaar 2020-2021.

Julie 06: Ons verwag politieke vrede in Indië en ander lande.

Julie 07: Laat ons bid vir vrede in die grensgebiede van alle lande van die wêreld.

Julie 08: dat God alle sendelinge in die wêreld sal beskerm.

Julie 09: Dat God ons sal help om die Engelse boek met die titel “Koninkryk van God” wat deur ons mederedakteur, Br. M. Paulraj geskryf is, baie gouer te publiseer.

Julie 10: Ons bid dat God goeie gesondheid sal gee vir ons Afrikaanse Mederedakteur, Sr. Marietjie Nelson.

Julie 11: Laat ons bid vir senior lede van ons Moederkerk en die wykskerke.

Julie 12: Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, Intekenaars en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Julie 13: dat God ’n herlewing oor die hele wêreld sal stuur.

Julie 14: Mag God toegewyde studente gee vir ons Nehemia Bybelkolleges vir die jaar 2020-2021.

Julie 15: Laat ons bid vir die Gradeplegtigheidsdiens van ons **Nehemia Bybelkollege.**

Julie 16: Laat ons bid vir die bejaarde mense in die Ouetehuise.

Julie 17: Laat ons bid vir die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call.**

Julie 18: Laat ons bid vir elkeen wat die evangelie verkondig in afgeleë streke.

RIVIER VAN LEWE!

-Ds. David Wilkerson

"… Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie" (Esegiël 47:5).

Die profeet Esegiël het 'n ongelooflike gesig gesien. Die hand van God het Esegiël gevoer tot op 'n baie hoë berg waar 'n man aan hom verskyn het, "wat gelyk het of hy van brons is" (Esegiël 40:3). Johannes beskryf 'n soortgeyke gesig van 'n man wat aan hom verskyn het op die eiland Patmos: "Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei" (Openbaring 1:15).

Die persoon na wie in albei stukke verwys word, is niemand anders as Christus self nie. Hy het Esegiël na die deur van God se huis geneem waar hy die profeet die wonderbaarlike visie gegee het. Dit was 'n gesig van die toekoms van God se mense wat geopenbaar het wat die liggaam van Christus sou word wanneer die eindtye byna verby is.

"Die man met die meetstok het my teruggebring na die ingang van die tempel toe. Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit aan die oostekant. Die tempel het oos gekyk. Die water het regs van die tempel weggeloop, suid van die altaar verby

Die man het oos gestap en met die maatlyn wat hy by hom gehad het vyf honderd meter afgemeet van die oospoort af. Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit was kniediep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom...

Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring" (Esegiël 47:1, 3-6, 12).

In die Bybel verteenwoordig beelde van water omtrent altyd die Gees van God. Hierdie gesig openbaar duidelik 'n magtige uitstorting van die Heilige Gees in die laaste dae. Die gesig was so magtig, so oorweldigend in omvang dat Esegiël dit nie kon begryp nie. Hy kon nie eers kommentaar lewer op die betekenis daarvan nie. Al wat hy kon doen, was om dit te beskryf. Voor die gesig verby is, het die Here gestop en vir Esegiël gevra, "Het jy dit gesien?" (Esegiël 47:6).

Die gesig moes Esegiël verstom het. Miskien het hy nie hierdie gesig verstaan nie. Al die Ou-Testamentiese profete het 'n beperkte visie van Christus gehad.

UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES

"Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei" (Johannes 7:38).

Aan Esegiël is getoon dat in die laaste dae die kerk van Jesus Christus meer roemryk en meer oorwinnend sal wees as in sy ganse bestaan. Sy kerk sal voortgaan in 'n gloed van krag en heerlikheid. Dit sal die volledigste openbaring van Jesus geniet wat enigiemand ooit geken het.

Die Kerk is geneig om terug te kyk na die eerste-eeuse Kerk en die eerste apostels. Die uitstorting van die Heilige Gees was op die grootste toe almal in die vertrek vervul is. "En skielik het daar uit die hemel die geluid van 'n baie sterk stormwind gekom en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe het daar aan hulle verdeelde tonge soos van vuur verskyn en op elkeen van hulle gaan sit. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen" (Handelinge 2:2-4). Hierdie uitstorting van die Heilige Gees is 'n vervulling van die een wat in Joël 2:28,29 belooft is. Al 120 mense wat in die huis bymekaar was, het in ander tale begin praat en dié wat na hulle gekyk het, was baie verbaas. Die apostels is bemagtig deur die Heilige Gees en het baie wonders gedoen voor die mense. Die opkomende vroeë Kerk was gevul met wonderwerke. Hulle het ten volle die krag van die Heilige Gees ondervind.

Die Here is getrou om sy Gees uit te stort ook in hierdie laaste dae.

Dit is presies wat God ons wys in Esegiël se visioen van die bewegende waters (Esegiël 47:1-

2). Hierdie toenemende vloed van water is die beeld van Pinkster, toe die Heilige Gees aan die dissipels gegee is. Saam met hierdie rivier van lewende water is die Heilige Gees, destyds op Pinkster, met al sy heerlikheid en die manifestasie van God se teenwoordigheid die magtige begin. Soos die profeet oor die rivier beweeg het, het dit dieper en dieper geword en uiteindelik was dit so diep dat 'n mens moes swem!

Gedurende die eerste paar eeue van die kerk se bestaan, is God se mense vervolg en tot slawe gemaak. Toe die keiser Konstantyn aan bewind gekom het, het hy al die predikers en gelowiges wat gevang was, vry gemaak. Hy het ook vryheid van godsdienstige aanbidding toegestaan aan alle godsdienste, insluitende die Christendom.

Tog is dit 'n feit dat die kerk gedurende daardie jare van vervolging die meeste gegroei het. Dit is, toe die rivier dieper geword het, het die heiliges baie gegroei in die Woord van God en die openbaring van Christus.

Martin Luther was nog 'n werktuig wat die liggaam van Christus in 'n nuwe stroom van geloof gebring het. Die water wat tydens die Hervorming gevloei het, het opgestyg tot aan die lende van God se mense soos hulle gegroei het in 'n groter openbaring van die kruis en dieper kennis van Christus se mag en heerlikheid verkry het.

DIE RIVIER VAN DIE LEWE SAL SY HOOGTEPUNT BEREIK NET VOORDAT DIE HERE KOM

Dit is voorspel in die gesig wat aan Esegiël getoon is. God het die profeet op 'n wonderbaarlike reis geneem. Met 'n maatstok in die hand het die Here omtrent vyf honderd meter ver gegaan. Op daardie afstand het die Here en Esegiël in die water begin loop. Op hierdie stadium was die water enkeldiep. En die Here het die profeet steeds aangemoedig om vorentoe te gaan, dieper en verder in die water in. Na nog 500 meter het die water tot by hulle knieë gekom.

En Esegiël sê dat toe hy by die einde van hierdie maat gekom het, was die water te diep vir hom, te oorweldigend. *"Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie"* (Esegiël 47:5).

Die profeet Jesaja het 'n blik gehad op dieselfde rivier wat in Esegiël se gesig verskyn het. Nogtans het Jesaja gesien, volgens die profeet, dat in die laaste dae God se mense groot beskerming sou geniet teen al die sataniese aanvalle: *"Daar sal die Here vir ons die magtige God wees, daar waar die strome, die riviere, breed sal vloei sonder dat die vyand se roeibote daarop vaar, die oorlogskepe daar verbykom" (Jesaja* 33:21).

Jesaja praat hier van oorlogskepe wat deur slawe geroei is. Hy gee ons 'n prentjie van die vyand, die duiwel, wanneer hy probeer om 'n aanval te loods op almal wat in die groot waters swem. En dis 'n prentjie van totale verwarring.

God maak dit vir ons baie duidelik in hierdie stukke: Sy lewende water is verbode terrein vir die satan. *"Laat hulle wat my lewe soek, die slegste daarvan afkom en beskaamd staan. Laat hulle wat my ondergang soek, op die vlug slaan, teleurgestel in hulle verwagting…Laat die Engel van die Here hulle jaag soos kaf voor die wind… laat die Engel van die Here hulle agtervolg" (Psalm 35:4-6).*

OPGEWEK UIT GEESTELIKE DOOD

*"Waar die stroom kom, sal alles lewe" (*Esegiël 47:9).

Toe Esegiël terugkeer na die rivierwal, staan hy verstom. Toe hy terugkyk, sien hy "'n groot aantal bome" aan beide kante van die rivier. Hierdie bome is lewendig gemaak deur die stromende waters. Hulle het blare gehad wat nooit verlep het nie, en hulle vrugte het wonderlike genesing gebring. In hierdie hoë vrugdraende bome het die lewe orals ontspring.

Ja, die rivier van God sal lewe bring waar dit ook kom. Maar in hierdie laaste dae gaan ons ook 'n ooreenstemmende vloed van dood sien:

Menigtes wat sterf aan aaklige siektes.

Baie mense se liefde sal ook sterf. Volgens Jesus, *"sal die liefde by baie verkoel" (*Matteus 24:12).

Paulus voeg by dat spotters sal kom en spot met die boodskap van Christus se terugkeer. Hulle sal die hoopvolle verwagting van ander heiliges op sy verskyning uitwis. Hulle spottery sal morele standaarde laat sterf en sonde laat floreer.

Vals profete sal sal leerstellings van die dood versprei. *"Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei"* (2 Timoteus 3:13). Selfs nou het geestelike dood regdeur die afvallige kerk versprei.

Maar te midde van al die dood en vernietiging wat ons sien gebeur, hoor ek die Here se profesie wat donder in my siel. *"My rivier sal styg. En alles sal lewe waar my rivier vloei".*

Wat van jou eie huis? Heers daar verwarring in julle gesin? Kyk jy toe hoe dood woed onder jou geliefdes? Lyk alles vir jou hopeloos? Klou vas aan hierdie belofte van ons geseënde Here: Hulle sal genees word, en elke ding sal lewe waar die rivier kom".

Jy weet nie hoe die Here dit sal bereik nie. Maar as Hy sê die rivier sal styg en lewe bring aan alles wat dit aanraak, moet ons Hom glo. Vir seker kan Hy dit doen.

SOMMIGE SAL UITGESLUIT WORD

Dié wat uitgesluit word van hierdie wonderlike rivierherlewing sal "sout bly". "Net die water in die moerasse en kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly" (Esegiël 47:11).

Esegiël beskryf hier modderpoele, vol vuilgoed en slyk. Soos die rivier oor hierdie moerasse vloei, word hulle nie genees nie. Uiteindelik sal die rivier heeltemal by hulle verbygaan, en hulle so droog laat dat hulle in sout sal verander.

In die Ou Testament is sout 'n simbool van rebellie en onvrugbaarheid. Die sout moerasse wat Esegiël hier beskryf, verteenwoordig diegene onder God se mense wat diep voel, maar nie verander nie. Sulke mense mag ween oor sonde en dood, maar hulle gehoorsaam nie God se Woord om sy lewe te soek nie. Hulle maak beloftes en voornemens om te verander, maar hulle voer dit nie deur nie. Jesaja eggo dit wanneer hy skryf, "Maar die goddeloses is soos die onstuimige see wat nie tot rus kan kom nie en waarvan die golwe aanhou om slyk en modder uit te stoot" (Jesaja 57:20).

Hierdie mense bely openlik dat hulle Christene is. En hulle is al oorlaai met goddelike berisping. Die Heilige Gees het die dieptes van hulle siele gepeil en hulle probeer wen. Maar hulle bly onveranderd. Hulle het in die rivier van die lewe gestaan, maar hulle het nie toegelaat dat dit hulle innerlike raak nie.

Gevolglik is die lewe van Jesus nie merkbaar uit hulle lewens nie. In plaas daarvan vloei daar uit hulle binneste 'n onophoudelike stroom van skinderstories, vleiery, leuens en verdraaiings. Inteendeel, alles rondom hulle word geraak deur onenigheid en bitterheid. Hulle verlustig hulle in selfbejammering. Hulle kla heeltyd oor en bevraagteken God se werk in ander mense. Hulle bely die lewe, maar hulle sit vas in 'n vuil moeras. Hulle is geestelike nabootsers, wat die dood rondom hulle versprei.

In Petrus se woorde, hulle het "droë fonteine" geword (2 Petrus 2:17). Volgens Esegiël sal hulle "sout bly". Dit is 'n vloek van onvrugbaarheid wat hulle verdoem tot 'n lewe van geen vrug, van totale nuttelosheid. Nogtans staan hulle vas in hulle rebellie, vol van vernietigende trots.

Dis tragies dat God sy rivier van die lewe heeltemal om hulle sal lei. Uiteindelik sal hulle blind word en nie besef in watter gevaar hulle hulleself gestel het nie. En wanneer die Heilige Gees van hulle onttrek, word hulle agtergelaat as bedroë mense wat uitroep "Vrede, Vrede," terwyl dinge rondom hulle inmekaarstort.

Esegiël moes sy oë nie geglo het toe hy hierdie eilande van die dood aanskou het nie. Hy het gesien hoe lewe verskyn aan alle kante waar die rivier gevloei het, maar daardie eilande van dood het onvrugbaar gebly en wit van droogte.

Hoe kon enige vogeling van Christus in so 'n toestand verval? Hoe kan enige dienaar so leeg word, droog en afgesny van sy lewegewende rivier? Petrus verduidelik dit:

"Veral húlle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag. Hierdie leraars is uitdagend en verwaand en huiwer nie om hemelwesens te beledig nie... Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin" (2 Petrus 2:10-21).

Die treurigste deel van hierdie tragedie is dat meeste van hierdie droë fonteine eens fonteine van lewende water was. Op 'n tyd het hulle lewens genesing en seën gebring. Maar nou spoeg hulle bitterheid, haat en dood.

As jy gevang word deur die hardkoppige bitterheid terwyl die rivier rondom jou vloei, moenie jouself veroorloof om voort te gaan daarmee nie. Laat God in plaas daarvan jou buik vul met sy lewende water. Jy besef dit nie, maar 'n vloed van openbaring van ons Here is op pad. En dit gaan nie stop om aan te pas by enige vlees nie.

Verstaan jy nou die grootheid van die gesig wat aan Esegiël getoon is? Die Ou-Testamentiese profete kon dit nie sien nie. Maar deur sy Heilige Gees het God ons oë gegee om sy uitnemende grootheid te aanskou. Luister julle dan: daar kom 'n rivier van lewe!

****

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

“Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra” (Deuteronomium 32:11).

Gedurende die vroeë dae van my bedieningsreis, moes ek verskillende soorte probleme alleen die hoof bied. Die duiwel was besig om al my omstandighede, vriende, familie ens. te gebruik om my lewe aan te val. Maar in al die moeilike omstandighede was ek in staat om die hand van God in my lewe te sien.

Vanweë die politieke en godsdienstige situasies is ek nie toegelaat om my geestelike aktiwiteite uit te oefen op een plek in die stad Tsjennai nie, aangesien ek geïdentifiseer is as 'n enkelpersoon wat finansieel baie swak daaraan toe was. Ek moes soveel onuitspreeklike druk en probleme die hoof bied. Aan die een kant moes ek voortmarsjeer in die bediening en aan die ander kant was die probleme en moeilikhede te veel vir 'n jong man.

Terwyl ek in hierdie situasie was, het God 'n bejaarde persoon by name mnr. J.R. Soundararaj in my lewe gebring. Hy was 'n wonderlike, liefdevolle persoon wat omgegee het vir mense. Hy het die gewoonte gehad om my ten minste eenmaal elke twee dae te ontmoet, saam met my te bid, my raad te gee en my te bemoedig en te ondersteun. Ek het volkome op hom vertrou vir alles, want ek het sy liefde en toewyding teenoor die Here en sy kinders gesien. Hy het 'n geseënde gesin gehad met 'n vrou en kinders. Hy kon sy kinders op 'n godvresende manier grootmaak. Hy het bewys dat hy 'n lewende getuienis was. Ek was so gelukkig in sy geselskap wat liefde en omgee uitgestraal het.

Skielik het hy siek geword en het vertrek om by die Here te wees. Ek is weer eens alleen gelaat. Ek het geen werklike vriende gehad op daardie tyd nie. Ek het verskeie dae oor hom gerou.

Eendag terwyl ek gebid het met 'n swaar gemoed, het die Here my bemoedig deur sy krag en my opgetel en geleer hoe om al my laste op Hom te werp (1 Petrus 5:7; Filippense 4:6,7; Psalm 55:22). Ek het toe reeds verskeie kere oor hierdie onderwerp gepreek, maar ek was nie in staat om dit in my eie lewe toe te pas wanneer dit nodig was nie.

Ek het dus tyd geneem om voor die Here te sit vir 'n volle dag en nag en Hom gevra om my te leer hoe om al my laste op Hom te werp. Ek dank en loof God; Hy het my spesiale krag gegee wat 'n mens nie kan oorvertel en verduidelik nie, om te glo dat Hy my goeie vriend, raadgewer en voorsiener is. Verskeie jare het verby gerol, maar die geestelike krag wat ek op daardie spesifieke dag ontvang het, beheers nog steeds my lewe. “As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op” (Psalm 37:24). Ek is nou in staat om verskillende golwe en getye in my alledaagse lewe te trotseer.

Liewe Vriend, voel jy gebrek aan sekuriteit vanweë een of ander verlies in jou lewe? Is jy bekommerd oor jou huidige situasie? As jou voetstappe deur die Here gerig word, sal Hy vir seker jou vreugde gee op jou pad (Psalm 37:23).

****

Bid asb. vir

BYBELKOR INDIË

Indië is die tweede grootste demokratiese land in die wêreld met ‘n bevolking van 1,25 miljard mense. In hierdie totale bevolking is daar slegs 2% Christene en 98% van die mense het nog nooit die evangelie van Jesus Christus in hul lewens gehoor nie. 600 000 dorpies moet nog met die evangelie van Jesus Christus bereik word deur middel van literatuur, in besonder Bybel-Korrespondensiekursusse in Engels, Hindi en Tamil. Ons versprei die Bybel-kursus getiteld 'New Life - For You!' gratis. Die kandidate wat die kursus voltooi, ontvang ‘n sertifikaat en hulle word voorgestel aan ‘n plaaslike kerk. Indien daar nie ‘n plaaslike kerk in hul area is nie, ontmoet ons sendelinge hulle en plant huiskerke in die area om om te sien na hul geestelike behoeftes. Bid asseblief vir die sukses van die bediening en die nodige fondse.

BIBLECOR INDIA
P.O. Box 2957, Chennai - 600 005, India
E-pos: biblecor@yahoo.co.in

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th JUNE 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**